

Hoofstuk van die dag: Psalm 143

> *Moet tog nie ’n regsaak teen my begin nie, want niemand wat leef, is voor U onskuldig nie! (vers 2)*

Hierdie boetepsalm kon netsowel in die Nuwe Testament gestaan het. As ’n mens oor jou eie lewe dink (en eerlik met jouself

is), besef jy, soos die digter, dat jy in die moeilikheid is voor God. Niemand wat leef, is immers voor Hom onskuldig nie, soos Paulus ons later in Gal 2:16 en Rom 3:20 herinner.
Tog vlug die digter na God in die vertroue dat God genadig is (vers 8). Die Here se dade in die verlede (vers 5) gee hom moed. God het oor die eeue ontferming getoon aan sy mense, en daarom waag hy dit om in sy nood sy oë pleitend op God te rig (vers 6) en vestig hy sy hoop op Hom (vers 8), al is hy terdeë bewus van sy onwaardigheid.
Waar mense nog na God kan opsien vir hulp, is die situasie nie hopeloos nie. God is gretig om ons elke môre sy liefde te laat ondervind. Wie op Hom vertrou, sal nie teleurgestel word nie. Hy het immers sy eie Seun gegee, sodat ons sy genade kan ontvang (Joh 1:16).

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026